# Ek's In

# Deel 2 – Geken in Familie

## AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

---

---

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Wat was een van jou lekkerste vakansies waar jy net kon ontspan en jouself wees en die goeie van die lewe geniet? Watter faktore het bygedra tot hierdie goeie herinnering? Vertel jou groep daarvan.**

---

---

---

**Noem twee of drie karaktereienskappe wat jy graag deel van jou menswees wil hê? Hoekom is dit vir jou belangrik? Wat doen jy om dit in jou lewe in te bou en te beskerm?**

---

---

---

**Wat dink jy is van die redes hoekom mense fronte voorhou van wie hulle werklik is?**

---

---

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Spreuke 28:13. As hierdie vers waar is, hoekom kies so baie mense nog steeds om hulle sonde weg te steek?**

**Romeine 8:1. Hoekom sukkel ons om te glo dat Jesus al ons sonde wegneem en ons nie meer skuldig hoef te voel nie?**

**Jakobus 5:16. Wat dink jy behels die genesing waarvan Jakobus hier praat? Wie is die persoon/persone in jou lewe wat al hierdie rol vervul het?**

**Hoekom dink jy het God gekies dat ons nie net ons sondes aan Hom moet bely nie, maar ook aan sy mense?**

**Lees Spreuke 27:6. Wie is só 'n vriend vir jou wat die volle waarheid vir jou kan gee oor jou optrede, gesindheid en blinde kolle? Hoe kan jy daardie vriend in hierdie week bedank vir wat hulle vir jou geestelike lewe beteken?**

**Indien jy nie só 'n vriend het nie, wie kan moontlik so vriend wees? Hê 'n gesprek met daardie persoon en gee hulle toestemming om eerlike terugvoer vir jou te gee oor blinde kolle wat hulle in jou lewe sien.**

**Op watter manier het julle kleingroep nog nie eintlik maskers afgehaal teenoor mekaar nie? Op watter manier kan julle dieper gaan in julle verhoudings en ondersteuning met mekaar?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**